Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

JULIE 2014

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

BEGROTINGSTOESPRAAK

ELKE SENT TEL

Overstrand se Uitvoerende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie het op 28 Mei 2014 die Munisipaliteit se 2014/15-begroting aan die Raad vir goedkeuring voorgelê.

Sy het in haar toespraak die uiters moeilike ekonomiese omstandighede beskryf wat sedert 2009 ervaar word en gesê dat 'n duidelike boodskap ontvang is van pensioenarisse en diegene wat op die rente van hul spaargeld lewe dat hulle nie skerp stygings in belasting en tariewe kan bekostig nie.

"Ons is terdeë bewus van die impak van ons besluite op alle inwoners van die Overstrand. Ons moet egter verseker dat die Munisipaliteit finansieel volhoubaar bly terwyl bekostigbare munisipale dienste aan alle gemeenskappe gelewer word. Ons is voortdurend onder druk om ons vlak van dienslewering aan die snelgroeiende bevolking van ons omgewing te handhaaf," het die Burgemeester gesê.

Wat openbare deelname betref, glo sy dat die Munisipaliteit werklik alle burgers betrek in die proses om 'n mens-geleide regering te verseker. Die aanmoediging van gestruktureerde gemeenskapsdeelname in die sake van die Munisipaliteit is 'n strategiese doelwit en Overstrand is bekend vir die effektiwiteit en doeltreffendheid van sy wykskomiteestelsel. 'n Oop-deur beleid is nietemin in plek.

Die Burgemeester voel dat die huidige kommunikasie/konsultasieproses verbeter kan word, maar sy is van mening dat die stemme van inwoners en ander belanghebbendes aangehoor is. "Hoewel dit dalk nie alles in hierdie begroting weerspieël word nie, aangesien 'n behoorlike proses gevolg moes word, kan ek die versekering gee dat aandag daaraan geskenk is," het sy gesê.

Die begrotingsproses het verlede jaar in Augustus begin toe die gemeenskappe en die administrasie hul insette gelewer het. Politieke leiding is in beginsel gegee oor 'n verhoging van slegs 6% in basiese diensgelde buiten elektrisiteit, aangesien NERSA aan Eskom die reg verleen het om hul tariewe bo die inflasiekoers te verhoog. Gegewe die 2013/14-styging in eiendomsbelasting op onbeboude grond van meer as 63%, het die Burgemeester aanbeveel dat die Raad nie die tarief van toepassing op onbeboude grond vir die 2014/15- finansiële jaar verhoog nie

Burgemeester Botha-Guthrie het gesê dat na talle vergaderings van die Begrotingsbeheerkomitee, waartydens ernstige besnoeiings gemaak is op die behoeftes wat deur die Wykskomitees en administrasie uitgelig is, was dit steeds baie moeilik om die uitgawes met die voorgenome verhoging in inkomste te balanseer. Salarisverhogings word op nasionale vlak onderhandel en, tesame met ander koste wat bo die inflasiekoers styg, sal dit 'n uitdagende taak wees om totale uitgawes onder inflasie te hou. Sy het die Raad dus aanbeveel om eiendomsbelasting vir 2014/15 met 15% te verhoog. Vrystellings en kortings sal steeds op residensiële eiendomme van toepassing wees om die las van behoeftiges te verlig en die kortings van toepassing op gastehuise, B & B's en landbou-eiendomme sal gehandhaaf word om ekonomiese ontwikkeling te stimuleer. Die algehele impak van die voorgenome tariefverhogings op huishoudelike rekeninge sal in alle gevalle onder 9% bly, met 'n 6,22%-verhoging vir behoeftige huishoudings.



	Vullisverwydering	Sanitasie	Water	Elektisiteit	Eiendomsbelasting
2013/2014	R122,81	R288,62	R96,49	R1 319,90	R588
2014/2015	R130,18	R305,94	R102,28	R1 423,56	R676,20

Die algehele impak van die voorgestelde tariefverhogings op huishoudelike rekeninge sal onder 9% bly

'n Verdere aanbeveling aan die Raad was dat ander diverse gelde, soos fooie vir bouplanne, met 10% verhoog word, aangesien hierdie koste direk verband hou met salarisverhogings en nie die meerderheid van belastingbetalers raak nie. Na aanleiding van berigte in die media en soos aangedui tydens die openbare begrotingsvergaderings in alle wyke, asook in die kommentaar op die konsepbegroting, is die volgende perspektief ten opsigte van vergoeding gegee:

- Werknemer-verwante uitgawes vir die 2014/15- finansiële jaar beloop R289m (33% van die totale bedryfsuitgawes) en is binne Nasionale Tesourie se norm van 25 - 40%.
- Salarisverhogings van 6,79% vir die 2014/15- finansiële jaar is gebaseer op 'n ooreenkoms van die Suid-Afrikaanse Bedingingsraad vir Plaaslike Regering waarvan SALGA (namens die werkgewers) en die vakbonde SAMWU en IMATU (namens die werknemers) die belanghebbendes is.
- Kerfverhogings van tussen 2,39% en 2,5% moet ook as gevolg van 'n kollektiewe ooreenkoms en kontraktuele verpligtinge geïmplementeer word.
- Met ingang van 1 Julie 2010, word die vergoeding van die Munisipale Bestuurder en Artikel 56-werknemers (Direkteure) deur 'n onafhanklike raadgewende firma bepaal om markverwante koste-tot-werkgewer vergoedingspakkette op grond van marktoestande wat in Maart van die betrokke jaar heers, vas te stel. Die genoemde werknemers ontvang geen bonusse nie en hierdie beginsel is met hulle onderhandel. Die gemiddelde verhoging vir 2014/15 is 6,25% en die genoemde amptenare ontvang nie kerfverhogings nie.
- Die koste verbonde aan die vergoeding van raadslede word deur die Minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake bepaal ingevolge die Wet op die Besoldiging van Openbare Ampsbekleërs, 1998 (Wet 20 van 1998). Die mees onlangse uitvaardiging in hierdie verband is in aanmerking geneem en die verhoging vir die huidige finansiële jaar is 7%.
- As deel van die Munisipaliteit se kostebesparingsmaatreëls, is voorsiening vir 'n R7,75 miljoen-gebeurlikheid op die salarisbegroting gemaak. Uitgawes op oortyd en bystandstoelaes is heroorweeg en die implementering van 'n skofstelsel sal ondersoek word. Die Munisipale Bestuurder en Direkteure het onderneem om die salarisbegroting ernstig in oënskou te neem, met behoorlike oorweging aan die feit dat dienslewering nie geraak moet word nie.

OVERSTRAND MUNISIPALITEIT SE FINALE BEGROTING VIR 2014/15 STEL DIE VOLGENDE VOOR:

Die totale bedryfsinkomste van R784,474m het vir die 2014/15 finansiële jaar met 5,53% toegeneem, vergeleke met die 2013/14 aansuiweringsbegroting. Een van die redes waarom hierdie toename laer as die tariefverhogings is, is omdat voorsiening gemaak is vir 'n afname in waterverbruik, wat ook die begrote inkomste uit riool beïnvloed.

Die totale bedryfsuitgawes vir die 2014/15 finansiële jaar is teen R870m bewillig. As dit met die 2013/14 aansuiweringsbegroting vergelyk word, is daar 'n toename van 4,97% in bedryfsuitgawes. Dit dui op 'n negatiewe verskil tussen inkomste en uitgawes van R85,1m. As gevolg van niekontant-items, een van die grootste items wat 'n waardevermindering van R109,2m het en ander kontantvloei soos in die begrotingsdokument uiteengesit, is 'n surplus kontantbegroting van R3,7m gerealiseer.

Die kapitaalbegroting van R97,721m is 22,7% minder as die 2013/14 aansuiweringsbegroting. Dit is as gevolg van beperkte hulpbronne wat beskikbaar is. Hoewel die langtermynbeplanning ten minste R100m per jaar is, is aansienlik meer as hierdie teiken oor die afgelope agt jaar bestee.

Die Burgemeester het verduidelik wat die begroting ten doel het om te bereik:

- Om die verhoging in verbruikerstariewe vir water, riool en vullisverwydering (vaste afval) tot 6% te beperk.
- Om 'n konserwatiewe benadering te volg wanneer verwagte inkomste en kontantontvangste beraam word. Daar is vir 'n klein surplus op die bedryfsbegroting begroot ten einde geld uit eie bronne vir kapitaaluitgawes gedurende 2015/16 te voorsien.
- Om besteding aan die instandhouding van infrastruktuur te handhaaf.
- Om kostebesparingsmaatreëls te handhaaf ten einde besteding wat nie 'n prioriteit is nie, uit te skakel. Die verlaging in fondse wat vir hulptoelae en bydraes tot feeste voorsien is, is getuienis hiervan. Wat onbefondsde mandate betref, sal die bobbejaan-moniteringsprojek vanaf 1 Julie 2014 tot 'n einde kom. Onderhandelinge met sekere instellings en nie-regeringsorganisasies is aan die gang sodat hulle die diens kan oorneem. 'n Aankondiging in hierdie verband sal in die nabye toekoms gemaak word.

Burgemeester Botha-Guthrie het gesê hulle het aan die gemeenskap die redes verduidelik waarom daar nie genoeg hulpbronne is om in al die behoeftes te voorsien nie en het aangedui dat die pad vorentoe op die volgende sal fokus, maar nie daartoe beperk is nie:

- die verhoging van produktiwiteit;
- toenemende pogings om meer toelaes van die nasionale en provinsiale regering te ontvang;
- die beskikbaarstelling van grond om meer beleggers te lok; en
- 'n beroep op die Departement van Menslike Nedersettings om die subsidies vir laekostebehuising te verhoog om te verseker dat dit nie 'n bykomende las op die Munisipaliteit plaas nie.

Sy het die vergadering meegedeel dat die konsepbegroting deur 'n tegniese komitee van die Wes-Kaapse Provinsiale Regering geëvalueer is, wat die begrotingsvoorstelle as geloofwaardig en volhoubaar beskou.

Sy het haar opregte dank betuig teenoor die Raadslede, wykskomitees, lede van die publiek, die Voorsitter van die Portefeuljekomitee vir Finansies, Rdl. Ben Solomon en die Munisipale Bestuurder, Coenie Groenewald vir hul insette rakende die begroting. Sy het ook 'n spesiale woord van waardering oorgedra aan die Direkteur: Finansies, Santie Reyneke-Naudé, die Senior Bestuurder: Finansiële Dienste en Begrotings, Bernard King en sy span, al die direkteure en al die amptenare van die ander direktorate vir baie ure se oortydwerk tydens die opstel van die begroting.

Die Burgemeester het ook baie dankie gesê aan die Direkteur: Bestuursdienste, Desireé Arrison en die Senior Bestuurder: Strategiese Dienste, Rochelle Louw vir die goeie gehalte van die GOP wat weereens vir oorweging voorgelê is. Sy het genoem dat die GOP intern deur 'n klein spannetjie saamgestel is.

Sy het haar toespraak afgesluit met die waarskuwing dat ekonome voorspel dat die Suid-Afrikaanse ekonomie oppad is na 'n resessie en dat dit 'n donker prentjie vir die komende finansiële jaar skets. "Ons sal egter poog om met streng finansiële dissipline en volgehoue pogings ons produktiwiteit te verhoog en om eersteklasdiens aan al ons gemeenskappe in die Overstrand te lewer," het die Burgemeester gesê.

WAT 'N LASPOS!

Dit is 'n dringende maar vriendelike beroep op alle inwoners wat in probleemdier-gebiede bly om van dierebestande vullisblikke gebruik te maak.

Overstrand Munisipaliteit se Verordening oor Vaste Afval is op 12 Julie 2013 in Provinsiale Koerant 7149 uitgevaardig en bepaal dat elke eienaar of bewoner dierebestande houers moet gebruik in gebiede wat deur die Munisipaliteit as probleemdiere-gebiede geïdentifiseer is. **Die Verordening bepaal verder dat vullis SLEGS op die dag van verwydering in dierebestande vullishouers op die sypaadjie geplaas moet word.**

Naweekbesoekers word versoek om vir die verwydering van hulle huishoudelike afval gebruik te maak van die naweek-aflaaiplekke wat in hulle gebied beskikbaar is. Bobbejaanbestande 240-liter Wheeley-dromme met slotte kan by die munisipale kantore aangekoop word en sal tuis afgelewer word.

Die gebiede wat as probleemdieregebiede verklaar is, is Kleinmond, Bettysbaai, Rooiels, Pringlebaai, Voëlklip, Fernkloof, Hermanus Heights en Kwaaiwater.

Vullisverwyderingsdae - inwoners moet ***asseblief*** nie hulle vullis uitsit op enige ander dag as die dag wat gestipuleer word nie.



• Vullisverwyderingsdae

ADMINISTRASIE	VERKLAARDE PROBLEEMGEBIED	DAG VAN VERWYDERING
Kleinmond	Bettysbaai	Maandag
	Pringlebaai	Maandag
	Rooiels	Maandag
	Proteadorp	Dinsdag
	Uitbreiding 6	Dinsdag
	Overhills	Dinsdag
	Mountain View	Dinsdag
Hermanus	Voëlklip	Maandag
	Eastcliff (Oos van Fairwaylaan)	Vrydag
	Hermanus Heights	Vrydag
	Kwaaiwater	Vrydag

Ons vra u volgehoue samewerking om die probleme met bobbejane te bekamp.

BRRRR, DIT IS KOUD! ENIGE KOMBERSE OM TE SKENK?

Winter in al sy glorie het vroeër gearriveer as wat ons verwag het en baie mense is natuurlik onkant gevang. Die voorspelling is dat dit 'n lang, koue, nat seisoen gaan wees.

Verskeie inwoners het die afgelope week navraag gedoen oor waar en wat hulle kan skenk vir mense wat swaarkry. Die Munisipaliteit se rampstoor ontvang graag bydraes soos komberse, warm klere en voorraad om onder rampslagoffers in die Overstrandgebied te versprei.

Skenkings kan by die onderskeie plaaslike munisipale Areabestuurders se kantore afgelewer word, naamlik by Magnoliastraat in Hermanus; Vyfdelaan in Kleinmond; Hoofweg in Gansbaai; Queen Victoriastraat in Stanford. 'n Alternatiewe aflaaipunt is ook by die Departement: Brandweerdienste in Musselstraat, Hermanus Industria.

Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie bedank die Overstrandgemeenskap vir hulle bereidwilligheid om te help en besorgdheid oor diegene in nood. Mag almal hierdie winter 'n snoesige en veilige seisoen ervaar.

O·A·K

Klavieruitvoering deur Pieter Grobler om 15h30 in Ouditorium op Sondagmiddag, 13 Julie. Kaartjies beskikbaar by BELLINI op 028 312 4988.

SONERINGSKEMA GOEDGEKEUR

*Die Overstrand Munisipale Soneringskema, 2013 is goedgekeur en geplaas in die Gazette op 29 November 2013. Die Soneringskema het op 1 Januarie 2014 in werking getree. Die goedgekeurde dokument is op die Munisipale Webblad beskikbaar by www.overstrand.gov.za.

BLOMMEPRAG BY FERNKLOOF - SEPTEMBER 2014

Die Hermanus Botaniese Vereniging se Blommefees sal vanaf Donderdag 25 tot Sondag 28 September by die Fernkloof-natuurreservaat gehou word.

Hierdie jaar se opwindende tema is 'Plantverkenners; Toe en Nou'. Uitstallings in die saal sal die blommeweelde vertoon wat vroeë reisigers op hulle pad teëgekom het, asook die hedendaagse tegnieke om plante by wyse van digitale fotografie en globale posisionering te ontdek.

Honderde voorbeelde van plaaslike blomme sal uitgestal en benoem word en inheemse bosse, blomme en plante sal te koop aangebied word. Plaaslike belangegroepe, kunshandwerk en kosstalletjies sal in die markiestent geleë wees en klein vertoontuine sal die grasperk van die amfiteater verfraai.

Vir die kinders word daar baie aktiwiteite beplan en smullekker eetgoed sal tydens die fees beskikbaar wees.

Toegangsgeld: R20 (Kinders jonger as 12 kry gratis toegang)
E-pos: botsochermanus@telkomsa.net
Web: www.fernkloof.com | Tel: 028 313 0819 of 028 313 8100

OVERSTRAND MUNISIPALITEIT IS DIE TWEEDE BESTE IN DIE LAND

Overstrand Munisipaliteit is in die Instituut vir Rasseverhoudinge (IRR) se verslag getiteld 'The 80/20 Report: Local Government in 80 indicators after 20 years of democracy' aangewys as die tweede beste munisipaliteit in Suid-Afrika.

Die skrywer van die verslag en programbestuurder en navorser vir die IRR, Georgina Alexander, het gesê die werkloosheidskoers, die proporsie verhouding van mense van 20 jaar en ouer wat Graad 12 geslaag het en die armoedesyfer was 'n paar van die hoofaanwysers wat gebruik is om munisipale prestasie te meet.

Ander aanwysers behels die proporsie van huishoudings wat elektrisiteit vir beligting gebruik, wat toegang tot leidswater binne 1 km vanaf 'n huishouding het, wat spoel- of chemiese toilette het, sowel as huishoudings sonder toilette. Ses van die tien hoofaanwysers hou met dienslewering verband.

Nie minder nie as sewe van die land se tien beste munisipaliteite is in die Wes-Kaap geleë, wat 'n fantastiese prestasie is, gegewe die feit dat daar altesaam 278 munisipaliteite in die land is.

Saldanhabaai Munisipaliteit is as die wenner aangewys, terwyl die ander ses presteerders in die top-tien Overstrand, Drakenstein, Mosselbaai, Swartland, Stellenbosch en Stad Kaapstad is.

Nicolette Botha-Guthrie, Uitvoerende Burgemeester van Overstrand Munisipaliteit, is uiteraard baie trots op dié prestasie en is van mening dat die aanwysing as tweede beste munisipaliteit erkenning gee aan die pogings van die Raad, amptenare, gemeenskappe, besighede en organisasies in die Overstrand-gebied.

Sy het bygevoeg dat "nieteenstaande hierdie eer wat ons as munisipaliteit te beurt geval het, moet ons nog baie doen om tot ons bevrediging ons dienslewering op 'n hoër vlak te kry." Sy het egter die versekering gegee dat "ons hard hieraan werk en hoop dat ons gemeenskap die verbetering in dienslewering sal ervaar."

KYK MA! GEEN ELEKTRISITEIT NIE!

Is dit nie wonderlik wanneer iemand iets ontwerp wat vir ons geld kan spaar nie? Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie glo sterk aan alternatiewe maniere om die geldelike las van elektrisiteit en gas te verlig.

Sy het onlangs KWA-VUVU restaurant in Zwelihle besoek en nadat sy deur die eienaar, Nomvuyo Mpalweni, ingelig is dat hulle sukkel om met die oorhoofse uitgawes by te hou, het sy besluit om 'n Wonderbag aan die restaurant te skenk.

Die Wonderbag is 'n nie-elektriese, hitte-houdende kookding waarin enigiets van vleis-bredie of groentekerrie tot eenvoudige rys en sop gaargemaak kan word. Jy kry jou pot kos op stoof aan die kook en dan plaas jy dit in die Wonderbag om gaar te word.

Die voordele hiervan is o.a. dat jy • bespaar energiekoste met tot 30% • verminder CO_2-uitlatings • verminder gevaarlike dampe • verminder ongelukke in die kombuis • verminder tyd voor die stoof • bespaar waardevolle water • bespaar kos, want niks sal brand nie • dit hou jou kos baie lank warm.

Wonderbag kook tye

	Tyd op stoof	Tyd in Wonderbag
Vleis	20 minute	5 uur
Hoender	15 minute	15 uur
Groente	5 minute	5 uur
Rys	2 minute	2 uur

Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie en Nomvuyo Mpalweni

DOEN JOU DEEL OM BEURTKRAG TE VERLIG

Eskom ondervind tans groot druk op die nasionale elektrisiteitsnetwerk.
Alle verbruikers word hiermee versoek om alle nie-noodsaaklike kantoortoerusting af te skakel om die las op die elektriese netwerk te verminder.

Maak seker dat al die ligte en lugversorgers afgeskakel is wanneer jy jou huis of kantoor verlaat.
Dit is nie net die korrekte en veilige praktyk nie, maar ook ons plig as verantwoordelike burgers en so sal ons bydra tot die verligting van beurtkrag in die Overstrand.